



Verhale Van Regoor die Wêreld

Die Kosbaarste Vrug



THINK
DIGITAL ACADEMY



Bulgaarse Volksverhaal

Baie Jare Gelede....

Eens op 'n tyd was daar 'n pa wat drie seuns gehad het. Die pa was oud, en hy wou net een van sy drie seuns die hele erfporsie gee na sy dood, maar hy kon nie besluit watter een van hulle dit die meeste verdien het nie.



Eendag het hy hulle bymekaar geroep, en die volgende vir hulle gesê: “Ek sal vir elkeen van julle 'n sak goud gee. Gaan stap om die wêreld en vind vir my die mees kosbaarste vrugte. Die een wat dit vir my bring, sal my hele fortuin kry.”



Die seuns het die geld gevat en in drie verskillende rigtings
gegaan om die vrugte te gaan soek.



Drie jaar het verloop, en die seuns het uiteindelik teruggekeer huis toe. Eers het die pa die oudste seun gevra: "Wel, het jy vir my die mees kosbaarste vrugte gebring?"

Die seun het geantwoord: "Vader, ek glo dat die kosbaarste vrugte die een moet wees wat die soetste smaak.



Ek was in baie verskillende lande om vir jou wit druiwe te kry



Van al die vrugte op ons aarde is wit druive die soetste.”

“Goeie werk seun,” het die pa gesê.



“Wat van jou?” vra die pa terwyl hy na die middelste kind draai.

“Ek dink die mees kosbaarste vrugte is die een wat die moeilikste is om te vind, so ek het suid gereis.



Ek was in Afrika, en ek het vir jou vrugte gekoop wat jy nie in ons lande kan kry nie.



Vir jou het ek lemoene, dadels en piesangs. Hier is hulle. Kies wat jy wil,” antwoord die middelste kind.

“Welgedaan seun. Ek sal hulle almal vat,” het die pa geantwoord.



Hy draai toe na die jongste seun. “Wat het jy vir my gebring?
Hoekom het jy niks?” het die pa gevra.

Die jongste seun het gesê: “Dit is waar dat ek met leë hande
terug gekom het, en die goud wat jy my gegee het, het ek nie
spandeer op vrugte wat jy kan eet nie.




“Ek het skool toe gegaan saam met onderwysers en boeke. Hulle het my drie jaar lank geleer. Die vrugte wat ek het kan nie gesien word nie, want dit is in my hart en in my gedagtes. Ek glo dit is die mees kosbaarste vrug.”



Toe die pa hierdie woorde hoor, het hy met tevredenheid gesê:
“Seun jy het vir my die kosbaarste vrugte gebring. Jy verdien die
erfenis die meeste, want daar is geen vrugte wat meer kosbaar
is as dié wat 'n mens kennis gee nie.”

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY

